# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



## 2026 | Japan

Toer 1: 09 – 19 September 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: "Leef Jou Reis" is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot 'n toeris is nie maar 'n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van 'n reis familie.

Ons is die "cool kids" van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



**R78 950** Per persoon wat deel*
**R89 950** Per enkelpersoon*

## Kom ontdek die skoonheid en karakter van Japan saam met Leef Jou Reis – 'n land waar ou tradisies en moderne vooruitgang op 'n unieke manier saamvloei.

Japan is bekend vir sy vriendelike mense, verfynde kultuur, asemrowende landskappe en 'n lewensritme wat jou telkens verras. Hier kan jy in dieselfde dag deur 'n eeue oue tempel stap, smul aan sushi in 'n besige straatmark en daarna in 'n futuristiese trein ry wat vinniger as jou gedagtes beweeg.

Ons reis begin in **Osaka,** die kos-hoofstad van Japan, met sy liggies, energie en onvergeetlike markte. Daarna wag die historiese **Kyoto,** waar tradisie steeds leef in pragtige tempels, rustige tuine en die wêreld van die geheimsinnige geishas. In **Hakone** ontdek ons die land se natuurlike kant met warmwaterbronne, vars berglug en 'n uitsig oor die ikoniese Mount Fuji. Uiteindelik neem **Tokio** jou asem weg – 'n stad van kontras, waar oud en nuut, tradisie en tegnologie saamvloei.

Hierdie is nie net 'n toer nie – dit is 'n avontuur wat jou deur die hart van Japan neem, vol stories, smake en ervarings wat jy altyd sal onthou.



# Japan

Toer 1: 09 – 19 September 2026

**R78 950** Per persoon wat deel*
**R89 950** Per enkelpersoon*









## Hoogtepunte

**Osaka:** Ontdek die kulinêre hoofstad van Japan en proe van sy wêreldbekende disse.

**Kyoto:** Verdwaal in die tempels en tuine van hierdie historiese stad.

**Hakone:** Geniet natuurlike landskappe en warmwaterbronne met 'n uitsig op Mount Fuji.

**Tokio:** Beleef die energie van Japan se moderne hoofstad vol styl, kultuur en innovasie.

**Okonomiyaki- en Sushi-klas:** Leer die kuns om egte Japannese disse self te maak.

**Maiko- en Teeseremonie:** Ervaar tradisionele Japannese kuns, dans en musiek van naby.

**Yakatabune-aandetevaart:** Vaar op 'n tradisionele huisboot en geniet 'n feestelike maaltyd met pragtige uitsigte.

**Osaka-kasteel:** Verken een van die mees ikoniese en historiese geboue van die stad.

**Tokio Nasionale Museum:** Ontdek die ryk kultuur en geskiedenis van Japan in een van die oudste nasionale museums ter wêreld.



## DAG 1: 09 September 2026

Vandag is die dag waarna ons almal baie uitgesien het – Japan hier kom ons!

Ontmoet die Leef Jou Reis span by OR Tambo lughawe en vertrek op 'n ongelooflike avontuur!

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 2: 10 September 2026

**Welkom in Japan!** Ons avontuur begin in die stad **Osaka**, bekend as die "kombuis van Japan" weens sy wêreldberoemde koskultuur en lewendige atmosfeer. Vanaf die lughawe word ons per luukse bus na ons hotel vervoer, geleë in die hartjie van die stad vir maklike toegang tot al die besienswaardighede.

Na die inboekproses neem ons 'n rukkie om onsself te oriënteer voor ons bymekaar kom vir 'n gesellige verwelkomingsaandete. Hier proe ons die eerste geure van Japan en klink 'n glasie op die avontuurlike reis wat voorlê – 'n perfekte geleentheid om die groep beter te leer ken en saam uit te sien na al die ervarings wat wag.

**Oornag: Osaka (Aandete)**

## DAG 3: 11 September 2026

Na 'n heerlike ontbyt by die hotel ontmoet ons ons plaaslike gids vir 'n ontdekkingsreis deur Osaka. Die dag begin met 'n besoek aan die ikoniese **Osaka-kasteel,** 'n indrukwekkende 16de-eeuse fort wat 'n belangrike rol in Japan se verenigingsgeskiedenis gespeel het. Binne die kasteel is daar 'n museum waar jy meer kan leer oor die Samurai-tydperk en die stad se ryk erfenis.

Daarna kry jy die geleentheid om self die lewendige **Dotonbori-distrik** te verken. Hierdie kleurvolle buurt, bekend vir sy neonligte, straatkos en die beroemde Glico-man advertensiebord, is een van Osaka se mees geliefde kuierplekke.

In die middag woon ons 'n praktiese **Okonomiyaki-kookklas** by. Hierdie hartige pannekoek, dikwels "Osaka se gunstelingdis" genoem, word gemaak met 'n kombinasie van kool, vleis of seekos en bedek met 'n unieke sous en mayonnaise – 'n heerlike ervaring om self te probeer.

Laatmiddag besoek ons die futuristiese **Umeda Sky Building,** een van Osaka se moderne landmerke. Die uitkykplatform, die "Floating Garden Observatory", bied panoramiese uitsigte oor die stad – veral asemrowend as die son sak.

Die aand is joune om op jou eie pas te verken. Gaan besoek 'n gesellige restaurant of straatkosstalletjie om nog 'n bietjie van Osaka se ongelooflike koskultuur te ervaar.

**Oornag: Osaka (Ontbyt, Okonomiyaki-kookklas)**

## DAG 4: 12 September 2026

Vandag neem ons afskeid van Osaka en reis verder na die historiese stad **Kyoto,** wat eeue lank die keiserlike hoofstad van Japan was. Onderweg maak ons 'n besondere stop in **Nara,** die eerste permanente hoofstad van Japan en 'n plek vol antieke tradisie en skoonheid.

Ons besoek die bekende **Nara Takbokpark,** waar honderde mak takbokke vrylik rondbeweeg – in die Shinto-geloof word hulle as heilige boodskappers van die gode beskou. Hierna verken ons die **Tōdai-ji-tempel,** 'n UNESCO-wêrelderfenisterrein en tuiste van een van die wêreld se grootste brons Boeddha-standbeelde.

Daarna kry jy tyd om op jou eie in **Naramachi,** die ou koopmansdistrik van Nara, rond te stap. Hierdie buurt is vol bekoorlike houtwinkeltjies, eetplekke en tradisionele huise, perfek vir 'n rustige middagete en ontdekkingstog.

Die middag wag daar 'n onvergeetlike ervaring: ons neem deel aan 'n **tradisionele Japannese teeseremonie,** waar jy self die kuns en simboliek van hierdie eeue-oue ritueel kan ervaar. Om dit nóg meer spesiaal te maak, trek ons egte **Japannese kimonos** aan – 'n ervaring wat jou terugneem na die elegansie van ou Kyoto.

Na hierdie hoogtepunt reis ons verder na ons hotel in Kyoto en boek in. Die aand wag daar 'n besondere ete by **Gankō Takasegawa Nijoen,** 'n restaurant wat bekend is vir sy verfynde Kaiseki-kombuise en pragtige atmosfeer. Terwyl ons smul aan die disse, word ons getrakteer met 'n **Maiko-vertoning** – 'n unieke kans om die elegansie en grasie van 'n leerling-geisha van naby te beleef.

**Oornag: Kyoto (Ontbyt, teeseremonie, aandete)**





## DAG 5: 13 September 2026

Na ontbyt is dit tyd om die skoonheid van **Kyoto** verder te ontdek. Ons ontmoet ons gids wat ons op 'n dag van kulturele hoogtepunte en asemrowende besienswaardighede neem.

Ons eerste stop is die glinsterende **Kinkaku-ji,** ook bekend as die **Goue Pawiljoen.** Die boonste twee verdiepings van hierdie Zen-tempel is met blaar-goud bedek, wat dit laat blink in die son en dan reflekteer in die dam waarin dit staan - dit lyk soos 'n ware goue paleis, een van Kyoto se bekendste landmerke.

Daarna besoek ons **Tenryū-ji-tempel,** 'n UNESCO-wêrelderfenisterrein wat in die 14de eeu gebou is en beroemd is vir sy pragtige Zen-tuine.

Van hier af stap ons deur na die **Arashiyama-bamboeswoud,** 'n magiese plek waar reuse bamboes jou omsluit en jou die gevoel van 'n ander wêreld gee.

Ten einde ons verkenning van Arashiyama klim ons aan boord 'n tradisionele riksja, wat ons deur die stil strate neem en 'n unieke blik op hierdie historiese buurt gee.

Die middag is joune om op eie pas deur die **Nishiki-mark** te wandel. Hierdie eeue-oue voedselmark, dikwels die "kombuis van Kyoto" genoem, bied 'n ongelooflike verskeidenheid plaaslike produkte, speserye en straatkos – perfek vir smul en ontdekking.

Laatmiddag keer ons terug na die hotel. Die aand is vry vir jou eie verkenning – geniet Kyoto se naglewe.

**Oornag: Kyoto (Ontbyt)**



## DAG 6: 14 September 2026

Vanoggend wag 'n splinternuwe avontuur op ons. Ons tasse word gemaklik regstreeks na ons hotel in **Tokio** gestuur, sodat ons net met ons oornagtas kan reis. Ons klim aan boord die beroemde snel-trein – 'n vinnige en moderne manier om die pragtige landskappe van Japan te ervaar – en beweeg na **Hakone,** bekend vir sy asemrowende natuurskoon en warmwaterbronne.

Ons avontuur in Hakone begin met 'n heerlike middagete by 'n plaaslike restaurant, waar jy die geure van die streek kan proe en die energie van die omgewing kan indrink.

Na middagete vaar ons oor die rustige waters van die **Ashi-meer,** omring deur pragtige berge en (as die weer dit toelaat) kry ons 'n kykie van die majestueuse **Mount Fuji** in die agtergrond. Daarna neem ons die kabelkar tot by Owakudani, 'n vulkaniese vallei bekend vir sy stoomopening en unieke warmwaterbronne – 'n regte natuurwonder wat jou die krag van die aarde wys.

Ons arriveer later by ons hotel, geleë op 'n plek met pragtige uitsigte oor die omliggende berge en meer. Hier kan jy ontspan en die warmwaterbronne (Onsen) geniet – die perfekte manier om te rus na nog 'n dag vol avontuur. Die aand geniet ons 'n rustige en smaaklike aandete by die hotel, terwyl ons oor die dag se gebeure nadink.

**Oornag: Hakone (Ontbyt, Middagete, Aandete)**



## DAG 7: 15 September 2026

Vanoggend na ontbyt by die hotel, vertrek ons na **Tokio,** die bruisende hoofstad van Japan, waar moderne wolkekrabbers, historiese tempels en lewendige buurte op ons wag om ontdek te word.

In Tokio begin ons verkenning by die **Asakusa Senso-ji-tempel,** een van Tokio se oudste en mees vereerde Boeddhistiese tempels. Voor die tempel lê die kleurvolle Nakamise-straat, vol tradisionele winkels en stalletjies waar jy plaaslike lekkernye en handwerk kan ontdek.

Daarna maak ons 'n draai by die **Imperial Palace,** die pragtige residensie van die keiser van Japan, om die indrukwekkende tuine en argitektuur te bewonder.

Jy kry ook vrye tyd om in die beroemde **Ginza-distrik** rond te stap – 'n wêreld van luukse winkels, elegante kafees en stylvolle straatkuns.

Ons dag eindig op 'n onvergeetlike en unieke manier: 'n **Yakatabune-etevaart,** waar ons op 'n tradisionele Japannese huisboot vaar en 'n heerlike maaltyd geniet terwyl die liggies van die stad oor die rivier glinster. 'n Perfekte afsluiting van 'n dag vol kultuur, geskiedenis en onvergeetlike ervarings.

**Oornag: Tokio (Ontbyt, Aandete)**

## DAG 8: 16 September 2026

Vandag wag nog 'n opwindende dag van verkenning in **Tokio.** Ons begin met 'n praktiese sushi-klas, waar ons leer om die kuns van hierdie ikoniese Japannese disse self te bemeester – van die voorbereiding van vars vis tot die perfekte rol van die rys. 'n Heerlike en leersame ervaring vir die kulinêre liefhebbers.

Na die klas delf ons in die ryk kultuur van Japan by die **Tokio Nasionale Museum,** een van die oudste en mees omvattende nasionale museums in die wêreld. Hier kan ons die geskiedenis, kuns en tradisies van Japan van naby bewonder.

Ons dag gaan verder met 'n besoek aan die **Meiji Jingu Shrine,** 'n rustige Shinto-heiligdom omring deur digte woude in die hart van die stad, wat 'n gevoel van rustigheid bied te midde van Tokio se bruisende energie. Daarna verken ons die mode-ikone van die stad: **Harajuku,** bekend vir sy kleurvolle straatmode en jeugkultuur, en **Omotesando,** 'n elegante laan vol luukse winkels en moderne argitektuur.

Ons keer later terug na die hotel, maar die aand is vry vir jou om Tokio op eie pas verder te ontdek – of dit is om aan straatkos te proe, klein winkelkies te ontdek, of om net die stad se unieke atmosfeer in te neem, die keuse is joune!

**Oornag: Tokio (Ontbyt, Sushi-klas)**





R78 950 Per persoon wat deel*
R89 950 Per enkelpersoon*

## DAG 9: 17 September 2026

Ons laaste dag in Tokio is 'n vrye dag sodat jy die stad op jou eie pas kan geniet. Jy kan kies om die skilderagtige Ueno Park en sy museums te besoek, deur die lewendige straatstalletjies van Asakusa te kuier, die futuristiese Odaiba-eiland te verken, of selfs nog 'n bietjie inkopies te doen in Ginza of Shibuya.

Ons ontmoet mekaar later vir ons afsluitings-ete, waar ons die ongelooflike Japan-toer kan oordenk, herinneringe kan deel en die ervaring op 'n perfekte noot kan afsluit.

**Oornag: Tokio (Ontbyt, Aandete)**

## DAG 10: 18 September 2026

Vandag neem ons afskeid van Japan met 'n swaar hart. Na 'n laaste ontbyt by die hotel word ons na die lughawe vervoer vir ons vlug terug na Suid-Afrika. Ons harte is vol herinneringe, beelde en ervarings van 'n onvergeetlike avontuur deur die land van die opkomende son!

**(Ontbyt en etes aan boord)**

## DAG 11: 19 September 2026

Ons arriveer terug in Suid Afrika.

## Pakket Sluit In

- Lughawevervoer (indien van groepsvlugte gebruik word)
- 2 Nagte hotelverblyf in Osaka
- 2 Nagte hotelverblyf in Kyoto
- 1 Nag hotelverblyf in Hakone
- 3 Nagte hotelverblyf in Tokio
- Daaglikse ontbyt
- 3 Middagetes
- Verwelkomings aandete
- Ganko Takasegawa Nijoen aandete met Maiko optrede
- Yakatabune-etevaart in Tokio
- Aandete in Hakone
- Afsluitings aandete
- Luukse busvervoer
- Snel-trein kaartjies
- Ingang by Osaka Kasteel
- Ingang by Umeda Sky Building
- Ingang by Todaiji Tempel
- Huur van Kimono in Kyoto
- Teeseremonie in Kyoto
- Besoek aan die Goue Pawiljoen
- Besoek aan Tenryuji Tempel
- Riksja rit in Kyoto
- Vaart op die Ashi-meer
- Kabelkar-rit tot by Owakudani
- Ingang by die Tokio Nasionale Museum

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Osaka/Tokio
- Visa koste (tans R370)
- Reisversekering
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Enige aktiwiteite of ingangs fooie (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes

## Dinge Om Te Onthou

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (19 Maart 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die program sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere in, soos in die brosjure uiteengesit.



# Japan

Toer 1: 09 – 19 September 2026

**R78 950** Per persoon wat deel*
**R89 950** Per enkelpersoon*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die toer na Japan te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za.. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R20,000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R20,000 is teen 28 Februarie 2026 betaalbaar. 'n Derde betaling van nog R20,000 is betaalbaar teen 15 April 2026 en die totale uitstaande bedrag is teen 30 Junie 2026 betaalbaar.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: JAPAN26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**R78 950 Per persoon wat deel***
**R89 950 Per enkelpersoon***

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair** At your service! site IATA www.twf.travel | 0861 777 747 ASATA TWF